

Verslagwaardig:	JA / NEE
Sirkuleer Aan Regters:	JA / NEE
Sirkuleer aan Streeklanddroste	JA / NEE
Sirkuleer Aan Landdroste:	JA / NEE

IN DIE Hoë HOF NOORD-KAAP, KIMBERLEY

Saakno: / Case number: **CA & R 76 / 2009**
 Datum verhoor: / Date heard: **08 / 02 / 2010**
 Datum gelewer: / Date delivered:

In die appèl van:

NEIL HENDRIK ROOI

Appellant

en

DIE STAAT

Respondent

Coram: Lacock, R et Mjali, WnR

UITSPRAAK OP APPÈL

Lacock, R

- [1] Die Appellant is op 2 April 2009 in die Streekhof, Kimberley, tesame met ene Isak Cupido skuldig bevind aan diefstal van 'n bedrag van **R56,100.00** en is hy daarna gevonnis tot 3 (drie) jaar gevangenisstraf. 'n Derde mede-beskuldigde, Kaptein Frank Visagie, is op dieselfde aanklag onskuldig bevind en ontslaan. Die Appellant kom nou, met verlof van die verhoorhof, in hoër beroep teen sy skuldigbevinding.

[2] Die Staatsaak, en soos blyk uit die getuienis in die oorkonde vervat, kan as volg saamgevat word:-

- 2.1 Mn. Isak Cupido (Beskuldigde nr. 2 in die hof a quo: Cupido) was geld verskuldig aan sy neef, mn. Gert Steenkamp van Uitenhage. Tydens 'n telefoniese gesprek tussen mn. Steenkamp en Cupido vroeg in Desember 2004 het hy Steenkamp meegedeel dat hy 'n metode het om geld te verdriedubbel. Nadat Steenkamp belangstelling getoon het in die skema, en wat later geblyk het op geldwassery neerkom, het Cupido vir Steenkamp versoek om ander ook te betrek sodat die bedrag minstens **R50,000.00** beloop. Steenkamp het mnre. Rhodes, Paulus en Kilian genader en het hulle vier uiteindelik **R11,100.00**, **R10,000.00** **R5,000.00** en **R30,000.00** onderskeidelik in kontant beskikbaar gestel om "gewas" te word.
- 2.2 Op 9 Desember 2004 het die appellant, Cupido en ene Collin Olivier te Uitenhage opgedaan. Die appellant was woonagtig te Hopetown, Cupido te Kimberley en Olivier te Britstown. Nadat die voormalde persone te Uitenhage opgedaan het, het 'n demonstrasie aan huis van mn. Kilian plaasgevind waartydens mn. Olivier met behulp van chemikalieë twee verdere R100 note van 'n enkele R100 noot op blanko papiere wat net so groot soos 'n R100 noot was, afgedruk het. Die

appellant het Olivier bygestaan tydens die demonstrasie.

- 2.3 Die volgende dag, op 10 Desember 2004, is die voormalde bedrae aan huis van mnr. Paulus aan die appellant gegee, wat, nadat hy dit getel het, aan Olivier gegee is. Olivier het die note (R200 en R100 note) tussen blanko "note" verpak, dit styf in 'n plastieksak toegedraai en met kleeflint verseël. Hierna het hy 'n oplossing in die vier hoeke van die pakkie gespuit, en dit aan Kilian gegee om te hou met instruksies om druk daarop te plaas. Nadat die appellant, Cupido en Olivier die woning van Paulus verlaat het, en die geld by Kilian gelaat is, was dit ook die einde van Olivier se betrokkenheid by die tersaaklike gebeure en die verdere verloop daarvan.
- 2.4 Op 11 Desember 2004 skakel Cupido vir Steenkamp en deel hom mee dat daar 'n probleem met die chemikalieë gekom het, en dat hulle die pak met die geld en blanko note na Kimberley moes bring. Op 12 Desember 2004 vertrek Steenkamp, Rhodes, Paulus en een Mr. Reid ('n vriend) met die pakkie geld na Kimberley, en ontmoet hulle die appellant en Cupido die nag by die Formule 1 hotel waar hulle vier ook oornag.
- 2.5 Die volgendeoggend het die appellant en Cupido weer by die hotel opgedaag, en het Steenkamp en Paulus

vandaar saam met die appellant en Cupido in die voertuig van die appellant vertrek en het hulle gery in die rigting van Douglas. Nadat hulle vir 'n onbekende afstand op die Dougas pad gery het, is hulle deur die derde Beskuldigde, Kaptein Visagie, van die pad getrek, en het hy die voertuig van die appellant deursoek en die pakkie met geld onder die passasiersitplek gevind. Hierop het hy die appellant meegedeel om saam met hom na Kimberley polisiestasie te ry, en is hulle met die pakkie geld, en wat steeds verseël was soos Olivier dit verseël het, daar weg.

2.6 Hierna is Steenkamp, Rhodes en Paulus (en Reid) druipstert en sonder hul geld terug na Uitenhage. Ten spyte van ondernemings deur die appellant en Cupido dat die klaers hul geld sou terugkry, het geeneen enige geld aan hulle terugbetaal nie, en het hulle ná 'n aantal dae die saak aanhangig gemaak by die polisie te Uitenhage en later Port Elizabeth.

[3] Slegs die appellant en Visagie het in hul eie verdediging getuig.

3.1 Visagie het ontken dat hy enigsins aandadig was aan die pleeg van die diefstal van die geld. Hy is dan ook vrygespreek primêr omdat Steenkamp en Paulus hom nie kon uitken op 'n uitkenningsparade wat 'n aantal maande na die voorval gehou is nie. Na my mening kan

Visagie homself uiters gelukkig ag dat hy vrygespreek is, maar 'n debat oor sy skuld of onskuld is nie nou ter sake nie.

3.2 Die appellant se verweer was dat die klaers se geld aan Olivier gegee is sodat laasgenoemde daarmee diamante (blykbaar ongeslyp) moes koop, en ontken hy dat daar enigsins sprake was van geldwassery en/of dat hy instrumenteel daartoe was. Hy ontken ook dat hy mnre. Steenkamp en Paulus met sy voertuig op die Douglas pad geneem het en dat Visagie of enige ander persoon hulle voorkeer en hy saam met hierdie persoon daar weg is met die geld.

3.3 Cupido het verkieks om nie te getuig nie.

- [4] Na my oordeel het die landdros tereg bevind dat die Staat die skuld van die appellant bo redelike twyfel bewys het, en kan die appèl nie slaag nie.
- [5] Die landdros het bevind dat die staatsgetuies, ten spyte van enkele geringe weersprekings en onsekerhede, mekaar in alle wesenlike opsigte gestaaf het. Teen hierdie bevinding en ook met sy geloofwaardigheidsbevinding ten aansien van hierdie getuies kan myns insiens geen kritiek geopper word nie. Uit die somtotaal van hierdie getuienis kan slegs een redelike afleiding gemaak word, en dit is dat die appellant en Cupido op 'n slinkse wyse die klaers met hul geld na

Kimberley gelok het, hulle te Kimberley valslik onder die indruk gebring het dat die geld iewers op die Douglas pad weer “gewas” sou word, die sogenaamde “arrestasie” van die appellant en die “konfiskering” van die geld as ‘n skyn polisie optrede beplan het in samewerking met óf Visagie óf wie anders ookal hul voertuig voorgekeer het, en sodoende die klaers hul geld ontneem en vir hulself toegeëien het.

- [6] Namens die appellant is aan ons betoog dat die landdros verkeerdelik die weergawe van die appellant as nie redelik moontlik waar verwerp het. Na my oordeel is daar geen meriete in hierdie argument nie.

6.1 Ek vind dit onwaarskynlik dat die appellant toevallig in die woning van Cupido was tydens die telefoongesprek waartydens Steenkamp na bewering Cupido sou versoek het om vir hom diamante te soek, en dat hy na Uitenhage sou reis saam met Cupido en Olivier, en dan ook weer per toeval teenwoordig was toe die klaers in Kimberley arriveer.

6.2 Voorts vind ek dit uiters onwaarskynlik dat, tydens die voormalde gesprek tussen Cupido en Steenkamp, Cupido sou versoek om met hom (die appellant) oor diamante te praat terwyl die appellant volgens hom nog nooit met diamante gehandel het nie en hy vir Steenkamp ‘n totale vreemdeling was.

6.3 Indien die klaers, soos die appellant beweer, hul geld in 'n mislukte diamanttransaksie verloor het, is dit hoogs onwaarskynlik dat hulle 'n klag by die polisie aanhangig sou maak. Hulle sou tog besef het dat die beskuldigdes hulle sou ontbloot het as mede daders of medepligtiges.

[7] Vervolgens is ek van mening dat die landdros die weergawe van die appellant tereg as vals verwerp het.

[8] BYGEVOLG WORD DIE APPÈL AFGEWYS.

Lacock, R

REGTER

Ek stem saam.

Mjali, WnR

WAARNEMENDE REGTER

Namens appellant:

Namens respondent: Adv C.G. Jansen i.o.v. DOV